 - (i) loading or unloading ships, and includes all operations incidental to or consequent on any of the aforesaid activities, including the operation of storage facilities and warehouses offered for hire as an independent service, whether or not such activities are performed on a ship or on shore;
 - (ii) supplying from amongst the said employees such labour as may be required by employers referred to in (i) hereof or by any other persons or any activity or operation mentioned in (i) hereof.

Belange en gebied ten opsigte waarvan aansoek gedoen word:

1. Alle werkers in diens in die Goederevervoer- en Opbergingsbedryf en die Padpassasiersvervoerbedryf in die Republiek van Suid-Afrika.
2. Alle werkers in diens in die Stuwadoorsbedryf in die landdrostdistrikte Die Kaap, Lower Umfolozi, Mosselbaai, Oos-Londen, Port Elizabeth, Simonstad en Vredenburg.
3. Alle werkers in diens in die Watervervoer- en Opbergingsbedryf in die landdrostdistrikte Die Kaap, Durban, Lower Umfolozi, Mosselbaai, Oos-Londen, Port Elizabeth, Simonstad en Vredenburg.

Vir die doeleindes hiervan word bogenoemde bedrywe soos volg omskryf:

1. **"Goederevervoer- en Opbergingsbedryf"** beteken die bedryf waarin werkgewers en hul werknemers met mekaar geassosieer is met die doel om een of meer van die volgende werksaamhede teen vergoeding of huur te verrig:
 - (i) Die vervoer van goedere deur middel van motorvervoer, met inbegrip van die vervoer van grond, gruis, klip, sand, steenkool of water wat vir verkoop bedoel is, en die pontvervoer van motorvoertuie, hetsy sodanige vervoer teen huur of vergoeding geskied al dan nie; en
 - (ii) die opberging van goedere, met inbegrip van die ontvangs, oopmaak, uitpak, inpak, versending, inklaring en uitklaring of verantwoording doen van goedere of behouerde goedere.
2. **"Padpassasiersvervoerbedryf"** beteken die bedryf waarin werkgewers (uitgesonderd werkgewers wat uitsluitlik skoolkinders tussen hul verblyfplekke en die skole wat hulle bywoon, vervoer) en hul werknemers met mekaar geassosieer is met die doel om op enige openbare pad teen vergoeding enige persoon te vervoer deur middel van 'n kragaangedrewe voertuig (uitgesonderd 'n voertuig in besit en onder beheer van Transnet Bpk., Administrasie) bedoel om meer as sewe persone, met inbegrip van die drywer van die voertuig, gelyktydig te vervoer, en dit omvat alle werksaamhede wat daarmee gepaard gaan en daaruit voortspruit.
3. **"Stuwadoorsbedryf"** beteken die bedryf waarin werkgewers en hul werknemers met mekaar geassosieer is met die doel om—
 - (i) skepe te laai of af te laai, en dit omvat alle bedrywighede wat met enige van voormelde werksaamhede gepaard gaan of daaruit voortspruit, met inbegrip van die bedryf van opbergingsfasiliteite en pakhuis wat te huur aangebied word as 'n onafhanklike diens, ongeag of sodanige werksaamhede op 'n skip of aan wal verrig word;
 - (ii) uit die geleedere van genoemde werknemers die arbeid wat die werkgewers bedoel in (i) hiervan of enige ander persone verlang of enige werksaamheid of bedrywigheid genoem in (i) hiervan te verskaf.

4. "Water Transportation and Storage Trade" means the trade in which employers and their employees are associated for the purpose of carrying out one or more of the following activities for reward or hire:

- (i) The transportation of goods by means of ship, boat, hovercraft or barge;
- (ii) the conveying of any person by means of ship, boat, hovercraft or barge;
- (iii) the storage of goods, including receiving, opening, unpacking, packing, despatching and clearing of or accounting for goods or containerised goods.

Postal address of applicant: P.O. Box 9451, Johannesburg, 2000.

Office address of applicant: Fourth Floor, Cavendish Chambers, 183-185 Jeppe Street, Johannesburg.

Attention is drawn to the following requirements of sections 4 and 7 of the Act:

- (a) The representativeness of any union which objects to the application shall in terms of section 4 (4) as applied by section 7 (5) be determined on the facts as they existed at the date on which the application was lodged and, as far as membership is concerned, only members who were in good standing in terms of section 1 (2) of the Act as at the aforesaid date shall be taken into consideration.
- (b) The procedure laid down in section 4 (2) must be followed in connection with any objection lodged.

G. C. PAPERFUS,

Assistant Industrial Registrar.

(17 September 1993)

NOTICE 905 OF 1993

DEPARTMENT OF FINANCE

OFFICE OF THE COMMISSIONER FOR
INLAND REVENUE

CONSCIENCE MONEY

The receipt of the following amounts, sent anonymously to the Receiver of Revenue, Pretoria, is hereby acknowledged:

Date of receipt: 16 August 1993.

Amount: R20.

(17 September 1993)

NOTICE 910 OF 1993

CORRECTION NOTICE

PROCLAMATION No. 105 OF 22 MAY 1981: EXCISION OF CERTAIN LAND FROM SCHEDULED AREA AND SUBSTITUTION THEREOF BY CERTAIN OTHER LAND IN THE DISTRICT OF UBOMBO, PROVINCE OF NATAL

The following correction to Proclamation No. 105 of 22 May 1981, is hereby published for general information:

In the English and Afrikaans version to the above-mentioned Proclamation, the words in the fourth and/or fifth line—

"Subdivision KZ of Reserve 14 (7638)"

are deleted and substituted with the following:

Subdivision 3 and Subdivision 4 of Reserve 14, No. 15834

4. "Watervervoer- en Opbergingsbedryf" beteken die bedryf waarin werkgewers en hul werknemers met mekaar geassosieer is met die doel om een of meer van die volgende werksaamhede teen vergoeding of huur te verrig:

- (i) Die vervoer van goedere per skip, boot, skeertuig of barg;
- (ii) die vervoer van enige persoon per skip, boot, skeertuig of barg;
- (iii) die opberging van goedere, met inbegrip van die ontvangs, oopmaak, uitpak, inpak, versending, inkleding en uitkleding of verantwoording doen van goedere of behouerde goedere.

Posadres van applikant: Posbus 9451, Johannesburg, 2000.

Kantooradres van applikant: Vierde Vloer, Cavendish Chambers, Jeppestraat 183-185, Johannesburg.

Die aandag word gevestig op onderstaande vereistes van artikels 4 en 7 van die Wet:

- (a) Die mate waarin 'n beswaarmakende vakvereniging verteenwoordigend is, word ingevolge artikel 4 (4), soos toegepas by artikel 7 (5), bepaal volgens die feite soos hulle bestaan het op die datum waarop die aansoek ingedien is, en wat die lidmaatskap betref, word alleen lede wat ingevolge artikel 1 (2) van die Wet op voormelde datum volwaardige lede was, in aanmerking geneem.
- (b) Die prosedure voorgeskryf by artikel 4 (2) moet gevolg word in verband met 'n beswaar wat ingedien word.

G. C. PAPERFUS,

Assistentnywerheidsregistrator.

(17 September 1993)

KENNISGEWING 905 VAN 1993

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

KANTOOR VAN DIE KOMMISSARIS VAN
BINNELANDSE INKOMSTE

GEWETENSGELD

Hierby word ontvangs erken van die volgende bedrae wat anoniem aan die Ontvanger van Inkomste, Pretoria, gestuur is:

Datum van ontvangs: 16 Augustus 1993.

Bedrag: R20.

(17 September 1993)

KENNISGEWING 910 VAN 1993

VERBETERINGSKENNISGEWING

PROKLAMASIE No. 105 VAN 22 MEI 1981: WEGNEEM VAN SEKERE GROND UIT AFGESONDERDE GEBIED EN VERVANGING DAARVAN DEUR SEKERE ANDER GROND IN DIE DISTRIK UMBOMBO, PROVINSIE NATAL

Die volgende verbetering aan Proklamasie No. 105 van 22 Mei 1981 word hierby vir algemene inligting gepubliseer:

In die Afrikaanse en Engelse teks van bogemelde Proklamasie word die woorde in die vierde en/of vyde reël—

"Onderverdeling KZ van Reservaat 14 (7638)"

geskrap en vervang met die volgende:

Onderverdeling 3 en Onderverdeling 4 van Reservaat 14, No. 15834

as well as in the English and Afrikaans version of Schedule A to the said Proclamation, the words—

“A portion, in extent 1 493 hectares, known as Subdivision KZ of Reserve 14 (7638), District of Umbombo, Province of Natal”

are deleted and substituted with the following:

Subdivision 3 (formerly known as Subdivision KZ) of Reserve 14, No. 15834 (formerly No. 7638)—SG Diagram No. 3429/1979, extent: 1473,0817 hectares and Subdivision 4 (formerly known as Subdivision Sordwana) of Reserve 14, No. 15834 (formerly No. 7638)—SG Diagram No. 3430/1979, extent: 18,1849 hectares; District of Umbombo, Province of Natal.

(File: GB6/5/2/1/U1/1/1)

(17 September 1993)

NOTICE 911 OF 1993 CORRECTION NOTICE

PROCLAMATION No. R. 232 OF 24 DECEMBER 1986: TRANSFER OF LAND AND CERTAIN RIGHTS TO THE GOVERNMENT OF KWAZULU

The following correction to Proclamation No. R. 232 of 24 December 1986, is hereby published for general information:

In the Afrikaans and English version of the Schedule to the above-mentioned Proclamation, the extent of the Remainder of Reserve 14, No. 15834 “257 506,0400 ha” is deleted and substituted with the following:

257 507,7734 ha.

(File: CB6/3/3/1/4)

(17 September 1993)

NOTICE 912 OF 1993 DEPARTMENT OF TRANSPORT AIR SERVICE LICENSING ACT, 1990 (ACT No. 115 OF 1990)

Pursuant to the provisions of section 15 (1) (b) of Act No. 115 of 1990 and regulation 8 of the Domestic Air Services Regulations, 1991, it is hereby notified for general information that the applications details of which appear in the Schedule hereto, will be considered by the Air Service Licensing Council.

Representations in accordance with section 15 (3) of Act No. 115 of 1990 in support of, or in opposition to, an application, should reach the Air Service Licensing Council, Private Bag X193, Pretoria, 0001, within 21 days of the date of publication hereof.

SCHEDULE 2

APPLICATIONS FOR THE AMENDMENT OF LICENCES

(A) Full name and trade name of applicant. (B) Full business or residential address of applicant. (C) The class of licence in respect of which the amendment is sought. (D) Type of air service and the amendment thereto which is being applied for. (E) Category of aircraft and the amendment thereto which is being applied for.

asook in die Afrikaanse en Engelse teks van Bylae A van gemelde Proklamasie word die woorde—

“ ’n Gedeelte, groot 1 493 hektaar, bekend as Onderverdeling KZ van Reservaat 14 (7638), distrik Ubombo, provinsie Natal”

geskrap en vervang met die volgende:

Onderverdeling 3 (voorheen bekend as Onderverdeling KZ) van Reservaat 14, No. 15834 (voorheen No. 7638)—LG Kaart No. 3429/1979, grootte: 1473,0817 hektaar en Onderverdeling 4 (voorheen bekend as Onderverdeling Sordwana) van Reservaat 14, No. 15834 (voorheen No. 7638)—LG Kaart No. 3430/1979, grootte: 18,1849 hektaar; distrik Ubombo, provinsie Natal.

(Lêer: GB6/5/2/1/U1/1/1)

(17 September 1993)

KENNISGEWING 911 VAN 1993 VERBETERINGSKENNISGEWING

PROKLAMASIE No. R. 232 VAN 24 DESEMBER 1986: OORDRAG VAN GROND EN SEKERE REGTE AAN DIE REGERING VAN KWAZULU

Die volgende verbetering aan Proklamasie No. R. 232 van 24 Desember 1986 word hierby vir algemene inligting gepubliseer:

In die Afrikaanse en Engelse teks van die Bylae van bogemelde Proklamasie word die oppervlakte van Restant van Reservaat 14, No. 15834 “257 506,0400 ha” geskrap en vervang met die volgende:

257 507,7734 ha.

(Lêer: CB6/3/3/1/4)

(17 September 1993)

KENNISGEWING 912 VAN 1993 DEPARTEMENT VAN VERVOER

WET OP DIE LISENSIËRING VAN LUGDIENSTE, 1990 (WET No. 115 VAN 1990)

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 15 (1) (b) van Wet No. 115 van 1990 en regulasie 8 van die Regulasies vir Binnelandse Lugdiens, 1991, vir algemene inligting bekendgemaak dat die Lugdienslisensiëringsraad die aansoeke waarvan besonderhede in die Bylae hieronder verskyn, sal oorweeg.

Vertoë ingevolge artikel 15 (3) van Wet No. 115 van 1990 ter ondersteuning of bestryding van ’n aansoek moet die Lugdienslisensiëringsraad, Privaat Sak X193, Pretoria, 0001, binne 21 dae na die datum van publikasie hiervan bereik.

BYLAE 2

AANSOEKE OM DIE WYSIGING VAN LISENSIES

(A) Volle naam en handelsnaam van aansoeker. (B) Volle besigheids- of woonadres van aansoeker. (C) Klas lisensie ten opsigte waarvan ’n wysiging gevra word. (D) Tipe lugdiens en die wysiging daarvan waarom aansoek gedoen word. (E) Kategorie lugvaartuig en die wysiging daarvan waarom aansoek gedoen word.

(A) Court Helicopters (Pty) Ltd. (B) P.O. Box 2546, Cape Town, 8000. (C) Class II. (D) Type N1 and N2. (E) Category A2, H1 and H2, add A1.

(A) Court Helicopters (Pty) Ltd. (B) P.O. Box 2546, Cape Town, 8000. (C) Class III. (D) No amendment. (E) Category H1 and H2, add A1.

(17 September 1993)

NOTICE 913 OF 1993

DEPARTMENT OF TRANSPORT

INTERNATIONAL AIR SERVICES ACT, 1949 (ACT No. 51 OF 1949), AS AMENDED

Pursuant to the provisions of sections 5 (a) and (b) of Act No. 51 of 1949 and regulation 5 of the Civil Air Services Regulations, 1964, it is hereby notified for general information that the applications, details of which appear in the Schedules hereto, will be heard by the International Air Service Council.

Representations in accordance with section 6 (1) of Act No. 51 of 1949 in support of, or in opposition to, an application, should reach the Chairman of the International Air Service Council, Private Bag X193, Pretoria, 0001, and the applicant within 21 days of the date of publication hereof, stating whether the party or parties making such representation intend to be present or represented at the hearing.

The International Air Service Council will cause notice of the time, date and place of the hearing to be given in writing to the applicant and all parties who have made representations as aforesaid and who desire to be present or represented at the hearing.

SCHEDULE A

SCHEDULE OF APPLICATIONS FOR THE GRANT OF LICENCES

(A) Name and address of applicant. (B) Name under which the air service is to be operated. (C) Particulars of air service. (i) Area to be served. (ii) Route(s) to be served. (iii) Base(s). (iv) Types and classes of traffic to be conveyed. (v) Frequency and time tables to which the service will be operated. (vi) Types of training to be provided. (vii) Particulars and description of types of work to be undertaken. (viii) Tariff of charges. (D) Aircraft to be used.

(A) Inter-Aviation Services (Pty) Ltd, P.O. Box 46126, Orange Grove, Johannesburg, 2119. (B) Inter-Aviation Services/Inter Air/Inter Regional/Regional Air/Diamond Air. (C) Scheduled Air Transport Service. (ii) Johannesburg—Bulawayo—Kariba—Bulawayo—Johannesburg. (iii) Jan Smuts Airport. (iv) Passengers, cargo and mail. (v) Two frequencies/week. Day 2 and 6. Johannesburg—Bulawayo, depart 08:00 arrive 09:10. Johannesburg—Kariba, depart 08:00 arrive 10:40. Kariba—Johannesburg, depart 11:00 arrive 13:40. Bulawayo—Johannesburg, depart 12:30 arrive 13:40. (viii)

(A) Court Helicopters (Edms.) Bpk. (B) Posbus 2546, Kaapstad, 8000. (C) Klas II. (D) Tipe N1 en N2. (E) Kategorie A2, H1 en H2, voeg by A1.

(A) Court Helicopters (Edms.) Bpk. (B) Posbus 2546, Kaapstad, 8000. (C) Klas III. (D) Geen wysiging. (E) Kategorie H1 en H2, voeg by A1.

(17 September 1993)

KENNISGEWING 913 VAN 1993

DEPARTEMENT VAN VERVOER

WET OP INTERNASIONALE LUGDIENSTE, 1949 (WET No. 51 VAN 1949), SOOS GEWYSIG

Hierby word ingevolge die bepalings van artikels 5 (a) en (b) van Wet No. 51 van 1949 en regulasie 5 van die Regulasies vir Burgerlugdienste, 1964, vir algemene inligting bekendgemaak dat die Raad op Internasionale Lugdienste die aansoeke waarvan besonderhede in die Bylaes hieronder verskyn, sal aanhoor.

Vertoë ingevolge artikel 6 (1) van Wet No. 51 van 1949 ter ondersteuning of bestryding van 'n aansoek moet die Voorsitter van die Raad op Internasionale Lugdienste, Privaatsak X193, Pretoria, 0001, en die aansoeker binne 21 dae na die datum van publikasie hiervan bereik en daarin moet gemeld word of die persoon of persone wat aldus vertoë rig, van plan is om die verrigtinge by te woon of om daar verteenwoordig te word.

Die Raad op Internasionale Lugdienste sal reël dat kennis van die datum, tyd en plek van die verrigtinge skriftelik gegee word aan die aansoeker en al die persone wat aldus vertoë gerig het en wat verlang om aldus teenwoordig of verteenwoordig te wees.

BYLAE A

LYS VAN AANSOEKE OM DIE TOESTAAN VAN LISENSIES

(A) Naam en adres van applikant. (B) Naam waaronder die lugdiens geëksploiteer gaan word. (C) Besonderhede van lugdiens. (i) Gebiede wat bedien gaan word. (ii) Roete(s) wat bedien gaan word. (iii) Basis(se). (iv) Soort verkeer wat vervoer gaan word. (v) Frekwensie en roosters waarvolgens die diens geëksploiteer gaan word. (vi) Soort opleiding wat verskaf gaan word. (vii) Besonderhede en beskrywing van soort werk wat onderneem gaan word. (viii) Tariëfskaal. (D) Lugvaartuie wat gebruik gaan word.

(A) Inter-Aviation Services (Edms.) Bpk., Posbus 46126, Orange Grove, Johannesburg, 2119. (B) Inter-Aviation Services/Inter Air/Inter Regional/Regional Air/Diamond Air. (C) Vasgesteldelugvervoerdiens. (ii) Johannesburg—Bulawayo—Kariba—Bulawayo—Johannesburg. (iii) Jan Smutslughawe. (iv) Passasiers, vrag en pos. (v) Twee frekwensies/week. Dag 2 en 6. Johannesburg—Bulawayo, vertrek 08:00 aankoms 09:10. Johannesburg—Kariba, vertrek 08:00 aankoms 10:40. Kariba—Johannesburg, vertrek 11:00 aankoms 13:40. Bulawayo—Johannesburg, vertrek 12:30 aankoms 13:40. (viii)

Johannesburg—Bulawayo (ZAR):

J 613, JR 1203, Y 533, YR 1044, YE1M 733, YIT1M 628

Johannesburg—Kariba (ZAR):

J 1096, Y 953, YEE1M 1310, YIT1M 1049.

J—Business Class oneway.

JR—Business Class return.

Y—Economy Class oneway.

YR—Economy Class return.

YEE1M—Economy Excursion return.

YIT1M—Inclusive Tour.

(D) DC9 Jet Airliner, DeHaviland Dash-7 Turboprop (agreement to be signed for a back up aircraft).

(A) Inter-Aviation Services (Pty) Ltd, P.O. Box 46126, Orange Grove, Johannesburg, 2119. (B) Inter-Aviation Services/Inter Air/Inter Regional/Regional Air/Diamond Air. (C) Scheduled Air Transport Service. (ii) Johannesburg—Antananarivo—Johannesburg. (iii) Jan Smuts Airport. (iv) Passengers, cargo and mail. (v) One frequency/week. Day 4. Johannesburg—Antananarivo, depart 08:00 arrive 12:15. Antananarivo—Johannesburg, depart 13:15 arrive 15:30. (viii)

Johannesburg—Antananarivo (ZAR):

J 1496, JR 2935, Y 1202, YR 2552, YHEE1M 1964, YLEE1M 1791, YIT1M 1713, YLIT1M 1559.

J—Business Class oneway.

JR—Business Class return.

Y—Economic Class oneway.

YR—Economic Class return.

YHEE1M—Excursion return (1 December—31 January).

YLEE1M—Excursion return (1 February—30 November).

YHIT1M—Inclusive tour (1 December—31 January).

YLIT1M—Inclusive tour (1 February—30 November).

(D) DC9 Jet Airliner, DeHaviland Dash-7 Turboprop (agreement to be signed for a back up aircraft).

(A) Inter-Aviation Services (Pty) Ltd, P.O. Box 46126, Orange Grove, Johannesburg, 2119. (B) Inter-Aviation Services/Inter Air/Inter Regional/Regional Air/Diamond Air. (C) Scheduled Air Transport Service. (ii) Johannesburg—Ndola—Johannesburg. (iii) Jan Smuts Airport. (iv) Passengers, cargo and mail. (v) Three frequencies/week. Day 1. Johannesburg—Ndola, depart 15:00 arrive 17:10. Ndola—Johannesburg, depart 18:00 arrive 20:10. Day 3 and 5. Johannesburg—Ndola, depart 08:00 arrive 10:10. Ndola—Johannesburg, depart 11:00 arrive 13:10. (viii)

Johannesburg—Ndola (ZAR):

J 1157, Y 1006, YE1M 1408, YIT2M 1158.

J—Businss Class oneway.

Y—Economic Class oneway.

YE1M—Economic Excursion.

YIT2M—Inclusive Tour.

Johannesburg—Bulawayo (ZAR):

J 613, JR 1203, Y 533, YR 1044, YE1M 733, YIT1M 628

Johannesburg—Kariba (ZAR):

J 1096, Y 953, YEE1M 1310, YIT1M 1049.

J—Besigheidsklas, enkel.

JR—Besigheidsklas, retoer.

Y—Ekonomiese Klas, enkel.

YR—Ekonomiese Klas, retoer.

YEE1M—Ekonomiese Ekskursie, retoer.

YIT1M—Pakkettoer.

(D) DC9 Jet Airliner, DeHaviland Dash-7 Turboprop ('n ooreenkoms sal geteken word vir 'n steunvliegtuig).

(A) Inter-Aviation Services (Edms.) Bpk., Posbus 46126, Orange Grove, Johannesburg, 2119. (B) Inter-Aviation Services/Inter Air/Inter Regional/Regional Air/Diamond Air. (C) Vasgesteldelugvervoerdiens. (ii) Johannesburg—Antananarivo—Johannesburg. (iii) Jan Smutslughawe. (iv) Passasiers, vrag en pos. (v) Een frekwensie/week. Dag 4. Johannesburg—Antananarivo, vertrek 08:00 aankoms 12:15. Antananarivo—Johannesburg, vertrek 13:15 aankoms 15:30. (viii)

Johannesburg—Antananarivo (ZAR):

J 1496, JR 2935, Y 1202, YR 2552, YHEE1M 1964, YLEE1M 1791, YIT1M 1713, YLIT1M 1559.

J—Besigheidsklas, enkel.

JR—Besigheidsklas, retoer.

Y—Ekonomiese Klas, enkel.

YR—Ekonomiese Klas, retoer.

YHEE1M—Ekskursie, retoer (1 Desember—31 Januarie).

YLEE1M—Ekskursie, retoer (1 Februarie—30 November).

YHIT1M—Pakkettoer (1 Desember—31 Januarie).

YLIT1M—Pakkettoer (1 Februarie—30 November).

(D) DC9 Jet Airliner, DeHaviland Dash-7 Turboprop ('n ooreenkoms sal geteken word vir 'n steunvliegtuig).

(A) Inter-Aviation Services (Edms.) Bpk., Posbus 46126, Orange Grove, Johannesburg, 2119. (B) Inter-Aviation Services/Inter Air/Inter Regional/Regional Air/Diamond Air. (C) Vasgesteldelugvervoerdiens. (ii) Johannesburg—Ndola—Johannesburg. (iii) Jan Smutslughawe. (iv) Passasiers, vrag en pos. (v) Drie frekwensies/week. Dag 1. Johannesburg—Ndola, vertrek 15:00 aankoms 17:10. Ndola—Johannesburg, vertrek 18:00 aankoms 20:10. Dag 3 en 5. Johannesburg—Ndola, vertrek 08:00 aankoms 10:10. Ndola—Johannesburg, vertrek 11:00 aankoms 13:10. (viii)

Johannesburg—Ndola (ZAR):

J 1157, Y 1006, YE1M 1408, YIT2M 1158.

J—Besigheidsklas, enkel.

Y—Ekonomiese Klas, enkel.

YE1M—Ekonomiese Ekskursie.

YIT2M—Pakkettoer.

(D) DC9 Jet Airliner, DeHaviland Dash-7 Turboprop (agreement to be signed for a back up aircraft).

(A) Inter-Aviation Services (Pty) Ltd, P.O. Box 46126, Orange Grove, Johannesburg, 2119. (B) Inter-Aviation Services/Inter Air/Inter Regional/Regional Air/Diamond Air. (C) Scheduled Air Transport Service. (ii) Johannesburg—Lubumbashi—Johannesburg and Johannesburg—Kigali—Johannesburg (the two routes will initially be serviced on the same rotation). (iii) Jan Smuts Airport. (iv) Passengers, cargo and mail. (v) One frequency/week Johannesburg—Lubumbashi, Day 7, depart 12:00 arrive 14:25. Johannesburg—Kigali, Day 7, depart 12:00 arrive 17:05. Lubumbashi—Johannesburg, Day 1, depart 11:20 arrive 13:45. Kigali—Johannesburg, Day 1, depart 08:40 arrive 13:45. (viii) Johannesburg—Lubumbashi (ZAR):

J 1250, JR 2452, Y 1092, YR 1242, YE1M 1592, YIT1M 1365.

Johannesburg—Kigali (ZAR):

J 1623, JR 3195, Y 1410, YR 2771, YEE1M 1974, YIT1M 1551.

J—Business Class oneway.

JR—Business Class return.

Y—Economy Class oneway.

YR—Economy Class return.

YEE1M—Economy Excursion return.

YIT1M—Inclusive Tour.

(D) 1×DC9, 1 × DeHaviland Dash-7 (agreement to be signed for a back up aircraft).

SCHEDULE D

LIST OF APPLICATIONS FOR THE ALTERATION, MODIFICATION OR AMENDMENT TO LICENCES

(A) Name and address of applicant. (B) Name under which the air service is operated. (C) Particulars of the licence and of the alteration, modification or amendment thereto or the conditions thereof which has been applied for.

(A) Transnet (Pty) Ltd, P.O. Box 7778, Johannesburg, 2000. (B) South African Airways. (C) Scheduled Air Transport Service Licences S173 and S704. Non-scheduled Air Transport Service Licence N115. Under "Aircraft to be used", add: "Douglas DC-6A Freighters: Registration Nos. V5-NCB and V5-NCC".

(A) Transnet (Pty) Ltd, P.O. Box 7778, Johannesburg, 2000. (B) South African Airways. (C) Scheduled Air Transport Service Licence S704 and S173. Non-scheduled Air Transport Service Licence N115. Under "Aircraft to be used", add: "Boeing B767-2B1 Registration ZS-SRA".

(A) Air Charter Services (Pty) Ltd, P.O. Box 891308, Lyndhurst, 2106. (B) Impala Air. (C) Non-scheduled Air Transport Service Licence N328. Change sub-clause 2.1 of certificate of alteration, modification or amendment to a licence dated 26 July 1993 to read as follows: "In terms of licence No. N328, non-scheduled flights may be operated to and from worldwide destinations, with the exception of countries served by a South African scheduled carrier, or by a scheduled service established

(D) DC9 Jet Airliner, DeHaviland Dash-7 Turboprop ('n ooreenkoms sal geteken word vir 'n steunvliegtuig).

(A) Inter-Aviation Services (Edms.) Bpk., Posbus 46126, Orange Grove, Johannesburg, 2119. (B) Inter-Aviation Services/Inter Air/Inter Regional/Regional Air/Diamond Air. (C) Vasgesteldelugvervoerdiens. (ii) Johannesburg—Lubumbashi—Johannesburg en Johannesburg—Kigali—Johannesburg (die twee roetes sal aanvanklik in dieselfde rotering bedien word). (iii) Jan Smutslughawe. (iv) Passasiers, vrag en pos. (v) Een frekwensie/week Johannesburg—Lubumbashi, Dag 7, vertrek 12:00 aankoms 14:25. Johannesburg—Kigali, Dag 7, vertrek 12:00 aankoms 17:05. Lubumbashi—Johannesburg, Dag 1, vertrek 11:20 aankoms 13:45. Kigali—Johannesburg, Dag 1, vertrek 08:40 aankoms 13:45. (viii) Johannesburg—Lubumbashi (ZAR):

J 1250, JR 2452, Y 1092, YR 1242, YE1M 1592, YIT1M 1365.

Johannesburg—Kigali (ZAR):

J 1623, JR 3195, Y 1410, YR 2771, YEE1M 1974, YIT1M 1551.

J—Besigheidsklas, enkel.

JR—Besigheidsklas, retoer.

Y—Ekonomiese Klas, enkel.

YR—Ekonomiese Klas, retoer.

YEE1M—Ekonomiese Ekskursie, retoer.

YIT1M—Pakkettoer.

(D) 1×DC9, 1 × DeHaviland Dash-7 ('n ooreenkoms sal geteken word vir 'n steunvliegtuig).

BYLAE D

LYS VAN AANSOEKE OM DIE VERANDERING OF WYSIGING VAN LISENSIES

(A) Naam en adres van applikant. (B) Naam waaronder die lugdiens geëksploiteer word. (C) Besonderhede betreffende die lisensie en die verandering of wysiging daarvan of die voorwaardes daarvan ten opsigte waarvan aansoek gedoen is.

(A) Transnet (Edms.) Bpk., Posbus 7778, Johannesburg, 2000. (B) Suid-Afrikaanse Lugdiens. (C) Vasgesteldelugvervoerdienslisensies S173 en S704. Nievasgesteldelugvervoerdienslisensie N115. Onder "Lugvaartuie wat gebruik gaan word", voeg by: "Douglas DC-6A Freighters: Registrasie nrs. V5-NCB en V5-NCC".

(A) Transnet (Edms.) Bpk., Posbus 7778, Johannesburg, 2000. (B) Suid-Afrikaanse Lugdiens. (C) Vasgesteldelugvervoerdienslisensies S704 en S173. Nievasgesteldelugvervoerdienslisensie N115. Onder "Lugvaartuig wat gebruik gaan word", voeg by: "Boeing B767-2B1 Registrasie ZS-SRA".

(A) Air Charter Services (Edms.) Bpk., Posbus 891308, Lyndhurst, 2106. (B) Impala Air. (C) Nievasgesteldelugvervoerdienslisensie N328. Wysiging van subklousule 2.1 van sertifikaat van verandering, modifikasie of wysiging van 'n lisensie gedateer 26 Julie 1993 sodat dit soos volg lui: "Ooreenkomstig lisensie No. N328 mag nie-vasgestelde vlugte onderneem word na en van bestemmings wêreldwyd, met uitsondering van state wat bedien word deur 'n Suid-Afrikaanse

through a code sharing arrangement between a South African scheduled carrier and a foreign scheduled carrier. This limitation shall not mean that the scheduled carrier or carriers serving a destination, shall have exclusivity to perform a charter to that destination, in addition to the scheduled services they are already providing."

(A) Airlink Airline (Pty) Ltd, P.O. Box 7529, Bonaero Park, 1622. (B) Airlink. (C) Scheduled Air Transport Service Licence S476. Under "Routes to be served" add: "Johannesburg/Madagascar (Antananarivo) and Nelspruit/Maputo". Under "Frequency" add: "Three return flights per week, respectively". Under "Tariff of charges" add: "Johannesburg/Antananarivo—R1 332,00 (single) and R2 664,00 (return). Nelspruit/Maputo—R225,00 (single) and R450,00 (return)".

(17 September 1993)

NOTICE 914 OF 1993

BOARD ON TARIFFS AND TRADE

NOTICE OF REVIEW OF THE ANTI-DUMPING DUTY ON LABELS WITH WOVEN INSCRIPTIONS IMPORTED FROM OR ORIGINATING IN ZIMBABWE

During 1986 an anti-dumping petition in respect of labels with woven inscriptions, classifiable under tariff subheading 58.06, exported from Zimbabwe, was lodged by Narrowtex (Pty) Ltd.

In this regard the Board concluded that—

- (a) labels with woven inscriptions were imported into South Africa from Zimbabwe at prices that constituted dumping;
- (b) the South African industry manufacturing the product concerned suffered material injury as a result of the dumped imports; and
- (c) the imposition of an anti-dumping duty was not against the national interest.

On the basis of this information an anti-dumping duty of 30 per cent *ad valorem* was imposed on labels with woven inscriptions, imported from or originating in Zimbabwe, on 19 September 1986.

When a reasonable period of time has elapsed from the imposition of the definitive anti-dumping duty, normally a period of five years, the Board may on its own initiative review the need for the continued application of the duty.

In view of the fact that the above-mentioned anti-dumping duty has been in force since 1986, the Board hereby gives notice of a review of the anti-dumping duty on labels with woven inscriptions imported from or originating in Zimbabwe, with a view to its possible withdrawal.

vasgesteldedienskarweier, of deur 'n vasgestelde diens ingestel by wyse van 'n gesamentlike ooreenkoms tussen 'n Suid-Afrikaanse vasgesteldedienskarweier en 'n buitelandse vasgesteldedienskarweier. Hierdie beperking beteken nie dat die vasgesteldedienskarweier of -karweiers wat 'n bestemming bedien die uitsluitlike reg het om 'n huurvlug na daardie bestemming uit te voer bykomend by die vasgestelde vlugte reeds deur hom/hulle voorsien nie."

(A) Airlink Airline (Edms.) Bpk., Posbus 7529, Bonaero Park, 1622. (B) Airlink. (C) Vasgesteldelugvervoerdienslisensie S476. Onder "Roetes wat bedien gaan word", voeg by: "Johannesburg/Madagaskar (Antananarivo) en Nelspruit/Maputo". Onder "Frekwensie" voeg by: "Drie retoervlugte per week onderskeidelik". Onder "Tariefskaal" voeg by: "Johannesburg/Antananarivo—R1 332,00 (enkel) en R2 664,00 (retoer). Nelspruit/Maputo—R225,00 (enkel) en R450,00 (retoer)".

(17 September 1993)

KENNISGEWING 914 VAN 1993

RAAD OP TARIEWE EN HANDEL

KENNISGEWING VAN DIE HERSIENING VAN DIE ANTI-DUMPINGREG OP ETIKETTE MET GEWEEFDE INSKRIPSIES INGEVOER UIT OF AFKOMSTIG VAN ZIMBABWE

Gedurende 1986 is 'n anti-dumpingpetisie ten opsigte van etikette met geweefde inskripsies, klassifiseerbaar onder tariefpos 58.06, uitgevoer uit Zimbabwe, geloods deur Narrowtex (Pty) Ltd.

In hierdie verband het die Raad tot die gevolgtrekking gekom dat—

- (a) etikette met geweefde inskripsies na Suid-Afrika uit Zimbabwe uitgevoer word teen gedumpte pryse;
- (b) die Suid-Afrikaanse bedryf wat die produk vervaardig, wesentlike skade ly as gevolg van die gedumpte invoer; en
- (c) die instelling van 'n anti-dumpingreg nie teen die nasionale belang is nie.

Op grond van hierdie inligting is 'n anti-dumpingreg van 30 persent *ad valorem* op 19 September 1986 ingestel op etikette met geweefde inskripsies, ingevoer uit of afkomstig van Zimbabwe.

Sodra 'n redelike tydperk verloop het sedert die instelling van 'n finale anti-dumpingreg, gewoonlik vyf jaar, kan die Raad op eie inisiatief die noodsaaklikheid ondersoek vir die voortgesette toepassing van die reg.

Vanweë die feit dat die bogenoemde reg reeds sedert 1986 van krag is, gee die Raad hiermee kennis van die hersiening van die anti-dumpingreg op etikette met geweefde inskripsies ingevoer uit of afkomstig van Zimbabwe, met die oog op die moontlike terugtrekking van die reg.

Procedure

Interested parties are invited to submit their views in this regard in writing and to provide supporting evidence. Parties who wish to be heard must include such a request when submitting their views. Parties who can prove that they are likely to be affected by the outcome of the investigation may arrange with the Investigating Officer to present evidence and to discuss the matter.

Time limit

Any information regarding this matter and any request for a hearing must be sent in writing to reach the Chairman, Board on Tariffs and Trade, Private Bag X753, Pretoria, 0001, not later than 30 days after the publication of this notice. If the required information and arguments are not received in a satisfactory form within the time limit specified above, the Board may make its finding on the basis of the facts available to it.

Enquiries may be directed to the Investigating Officer, G. Geringer, at Telephone (012) 310-9851.

[BTT Ref T5/2/11/3/1 (930285)]

(17 September 1993)

NOTICE 915 OF 1993**BOARD ON TARIFFS AND TRADE****NOTICE OF INITIATION OF AN INVESTIGATION INTO THE ALLEGED DUMPING OF TYRE PROTECTION CHAINS IMPORTED FROM OR ORIGINATING IN AUSTRIA**

The Board on Tariffs and Trade received a complaint alleging that tyre protection chains imported from or originating in Austria are being dumped on the South African market, causing material injury to the South African industry concerned.

Petition

The petition was lodged by H O Dohmeier CC, which is the sole manufacturer of tyre protection chains in the Republic of South Africa. The petitioner alleges that it suffers material injury because it cannot compete with the low prices and the warranty offered by the importer. The petitioner submitted sufficient evidence to enable the Board to arrive at a reasonable conclusion that dumping is taking place and that material injury is being caused by the dumping.

The product

The product allegedly being dumped comprises tyre protection chains, classifiable under tariff sub-heading 73.15.82.00, and imported from or originating in Austria.

The allegation of dumping

The allegation of dumping is based on a comparison between price lists in that country and the f.o.b. prices for export to the Republic. On this basis the estimated dumping margin is significant.

Prosedure

Belanghebbende partye word uitgenooi om hul siening in hierdie verband skriftelik in te dien en sta-wende bewys te verskaf. Partye wat aangehoor wil word, moet so 'n versoek insluit by die indiening van hul voorlegging. Indien hulle bewys kan lewer dat hulle waarskynlik geraak sal word deur die resultaat van die ondersoek, kan hulle met die Onderzoek-beampte reël vir die indiening van bewyse en die geleentheid om die aangeleentheid te bespreek.

Tydsbeperking

Enige inligting in verband met die saak asook enige versoek om aangehoor te word, moet skriftelik ingedien word sodat dit die Voorsitter, Raad op Tariewe en Handel, Privaatsak X753, Pretoria, 0001, nie later nie as 30 dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing bereik. Indien die vereiste inligting en argumente nie in 'n bevredigende vorm binne die tydsbeperking soos gespesifiseer, ontvang word nie, mag die Raad sy bevindings maak op grond van die feite tot sy beskikking.

Navrae moet gerig word aan die Onderzoek-beampte, G. Geringer, by Telefoon (012) 310-9851.

[RTH-verw. T5/2/11/6/2 (930285)]

(17 September 1993)

KENNISGEWING 915 VAN 1993**RAAD OP TARIWE EN HANDEL****KENNISGEWING VAN INISIËRING VAN 'N ONDER-SOEK NA DIE BEWEERDE DUMPING VAN BESKERMINGSKETTINGS VIR BUITEBANDE, INGEVOER UIT OF AFKOMSTIG VAN OOSTENRYK**

Die Raad op Tariewe en Handel het 'n klagte ontvang waarin beweer word dat beskermingskettings vir buitebande, ingevoer uit of afkomstig van Oostenryk, op die Suid-Afrikaanse mark gedump word en wesenlike skade aan die betrokke Suid-Afrikaanse nywerheid veroorsaak.

Petisie

Die petisie is ingedien deur H O Dohmeier BK, wat in die Republiek van Suid-Afrika die alleenvervaardiger van beskermingskettings vir buitebande is. Die petitioner beweer dat hy wesenlike skade ly omdat hy nie teen die lae pryse en die waarborg wat deur die invoerder aangebied word, kan meeding nie. Die petitioner het voldoende bewyse voorgelê om die Raad in staat te stel om tot 'n redelike gevolgtrekking te kom dat dumping plaasvind en dat wesenlike skade daardeur berokken word.

Produk

Die produk wat na bewering gedump word, is beskermingskettings vir buitebande, indeelbaar by tariefpos 73.15.82.00, en ingevoer uit of afkomstig van Oostenryk.

Bewering van dumping

Die bewering van dumping is gebaseer op 'n vergelyking tussen pryslyste in daardie land en die v.a.b.-pryse van uitvoer na die Republiek. Op hierdie basis is die beraamde marge van dumping aansienlik.

The allegation of material injury

With regard to material injury, the petitioner alleges and supplied sufficient evidence that the imports in question are depressing its prices and are gaining market share at the expense of the petitioner. It is further alleged that the prices at which these imports are sold in the Republic significantly undercut the prices of the South African producer and jeopardise its economic viability.

Procedure

Having decided that there is sufficient evidence to justify the initiation of an investigation, the Board has begun an investigation in terms of section 4 of the Board on Tariffs and Trade Act, 1986. Interested parties may submit their views in writing by completing the relevant questionnaire (copies of which are obtainable at the office of the Board) addressed to the parties known to be concerned, and by providing sufficient supporting evidence. Parties who can prove that they are likely to be affected by the result of the investigation may arrange with the Investigating Officer to present evidence and to discuss the matter.

Time limit

Any information regarding this matter, any arguments concerning the allegation of dumping and the resulting material injury, and any request for a hearing must be sent in writing to reach the Chairman, Board on Tariffs and Trade, Private Bag X753, Pretoria, 0001, not later than 30 days after the publication of this notice or, in the case of parties known to be interested, 30 days after the date on which the letter accompanying the above-mentioned questionnaire was received. The said letter will be deemed to have been received seven days after the date of its dispatch.

If the required information and arguments are not received in a satisfactory form within the time limit specified above, the Board may make provisional or final findings on the basis of the facts available to it.

Enquiries may be directed to the Investigating Officer, Miss S. Viljoen, at Telephone (012) 310-9791.

[BTT Ref. T/2/15/2/6 (930317)]

(17 September 1993)

NOTICE 916 OF 1993**BOARD ON TARIFFS AND TRADE****CUSTOMS AND EXCISE TARIFF APPLICATIONS:
LIST 30/93**

The following applications concerning the Customs and Excise Tariff have been received by the Board on Tariffs and Trade. Any objections to or comments on these representations must be submitted to the Chairman, Board on Tariffs and Trade, Private Bag X753, Pretoria, 0001, within six weeks of the date of this notice. Attention is drawn to the fact that the rates of duty mentioned in the Applications are those requested by the applicant and that the Board may, depending on its findings, recommend higher or lower rates of duty.

Bewering van wesenlike skade

Met verwysing na wesenlike skade beweer die petitioner, en het hy voldoende bewys gelewer, dat die betrokke ingevoerde produk sy pryse afdruk en markaandeel ten koste van die petitioner verwerf. Daar word verder beweer dat die pryse waarteen die ingevoerde produk in die Republiek verkoop word, aansienlik laer is as die pryse van die Suid-Afrikaanse produsent en dat dit sy ekonomiese lewensvatbaarheid negatief beïnvloed.

Prosedure

Ná die besluit dat daar voldoende bewyse ter regverdiging van die inisiëring van die ondersoek is, het die Raad met die ondersoek begin ingevolge artikel 4 van die Wet op die Raad op Tariewe en Handel, 1986. Belanghebbende partye mag hul siening skriftelik indien deur die invul van die toepaslike vraelys (waarvan afskrifte beskikbaar is by die Raad se Kantoor), wat geadresseer word aan partye van wie dit bekend is dat hulle betrokke is, en deur voorlegging van voldoende stawende bewys. Partye wat kan bewys dat hulle moontlik deur die resultaat van die ondersoek geraak kan word, kan met die ondersoek-beampte reël om bewyse voor te lê en om die saak te bespreek.

Tydsbeperking

Enige inligting in verband met die saak, enige argument rakende die bewering van dumping en die wesenlike skade voortspruitend daaruit, asook enige versoek om aangehoor te word, moet skriftelik ingedien word sodat dit die Voorsitter, Raad op Tariewe en Handel, Privaatsak X753, Pretoria, 0001, nie later nie as 30 dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing bereik of, in die geval van partye van wie dit bekend is dat hulle betrokke is, 30 dae na die datum waarop die brief wat bogenoemde vraelys vergesel, ontvang is. Genoemde brief sal geag word ontvang te gewees het sewe dae na die datum van versending daarvan.

Indien die vereiste inligting en argumente nie in 'n bevredigende vorm binne die tydsbeperking soos gespesifiseer, ontvang word nie, mag die Raad voorlopige of finale bevindings maak op grond van die feite tot sy beskikking.

Navrae moet gerig word aan die Ondersoek-beampte, mej. S. Viljoen, by Telefoon (012) 310-9791.

[RTH-verw. T/2/15/2/6 (930317)]

(17 September 1993)

KENNISGEWING 916 VAN 1993**RAAD OP TARIWE EN HANDEL****DOEANE- EN AKSYNSTARIEFAANSOEKE:
LYS 30/93**

Onderstaande aansoeke betreffende die Doeane-en Aksynstarief is deur die Raad op Tariewe en Handel ontvang. Enige beswaar teen of kommentaar op hierdie vertoë moet binne ses weke na die datum van hierdie kennisgewing aan die Voorsitter, Raad op Tariewe en Handel, Privaat Sak X753, Pretoria, 0001, gerig word. Die aandag word daarop gevestig dat die skale van reg wat in die aansoeke genoem word, dié is wat deur die applikante aangevra is en dat die Raad, afhangende van sy bevindinge, hoër of laer skale van reg mag aanbeveel.

Increase in the duty on:

1. Knitted or crocheted fabrics, or a width exceeding 30 cm, containing by mass 5 per cent or more of elastomeric yarn or rubber thread, classifiable under tariff subheading 6002.30, from 20 per cent *ad valorem* to 50 per cent *ad valorem* with a maximum of 2 110 c/kg or a minimum of 1 690 c/kg.

[BTT Ref. T5/2/11/4/1 (930305)
(Ms H. Claassens)]

Applicant:

Textile Federation, P.O. Box 16278, Doornfontein, 2028.

2. (a) Peas, skinned or split, classifiable under tariff subheadings 0713.10.90 and 0713.20.20, from 10 per cent *ad valorem* to 30 per cent *ad valorem*;
- (b) lentils, skinned or split, classifiable under tariff subheading 0713.40.20, from 10 per cent *ad valorem* to 30 per cent *ad valorem*; and
- (c) whole green peas, whole chickpeas, whole lentils and other whole beans, classifiable under tariff subheadings 0713.10.20, 0713.20.10, 0713.40.10 and 0713.90.10, from various rates of duty to 10 per cent *ad valorem*.

[BTT Ref. T5/2/1/3/1/ (930284)
(Ms B. Bieldt)]

Applicant:

South African Grain and Produce Traders Association Ltd, P.O. Box 91267, Auckland Park, 2006.

[*Note:* This application is being dealt with as a matter of urgency and comments should reach the Board within four weeks of the date of this notice.]

Reduction in the Duty on:

Rape, colza or mustard oil, classifiable under tariff subheading 1514.10, from 20 per cent or 165 c/kg less 80 per cent to 112c/kg.

[BTT Ref. T5/2/4/2/1 (930300)
(Mr A. Zietsman)]

Applicant:

Ciskei Oil & Cake Mills, P.O. Box 768, East London, 5200.

Rebate of the Duty (in Schedule 3) on:

Other tubes, pipes and hoses, of vulcanised rubber other than hard rubber, with or without their fittings (for example joints, elbows, flanges), with an inside diameter not exceeding 76,2 mm, classifiable under tariff subheading 4009.40.50 at 25 per cent *ad valorem* or 16,55 c/kg, for the manufacture of motor vehicle air-conditioning systems.

[BTT Ref. T5/2/16/2/1 (930296)
(Ms I. Metz)]

Applicant:

Smiths Manufacturing (SA) (Pty) Ltd, P.O. Box 181, Pinetown, 3600.

List 29/93 was published under General Notice 875 of 3 September 1993.

(17 September 1993)

Verhoging van die Reg op:

1. Gebreide of gehekelde stowwe, met 'n breedte van meer as 30 cm, wat, volgens massa, minstens 5 persent elastomeriese garing of rubberdraad bevat, indeelbaar by tariefsubpos 6002.30, van 20 persent *ad valorem* tot 50 persent *ad valorem* met 'n maksimum van 2 110 c/kg of 'n minimum van 1 690 c/kg.

[RTH-verw. T5/2/11/4/1 (930305)
(Me. H. Claassens)]

Applikant:

Tekstielfederasie, P.O. Box 16278, Doornfontein, 2028.

2. (a) Erte, afgenerf of gesplete, indeelbaar by tariefsubposte 0713.10.90 en 0713.20.20, van 10 persent *ad valorem* tot 30 persent *ad valorem*;
- (b) lensies, afgenerf of gesplete, indeelbaar by tariefsubpos 0713.40.20, van 10 persent *ad valorem* tot 30 persent *ad valorem*; en
- (c) heel groenerte, heel kebererte, heel lensies en heel ander bone, indeelbaar by tariefsubposte 0713.10.20, 0713.20.10, 0713.40.10 en 0713.90.10, van verskeie skale van reg tot 10 persent *ad valorem*.

[RTH-verw. T5/2/1/3/1 (930284)
(Me. B. Bieldt)]

Applikant:

South African Grain and Produce Traders Association Ltd, Posbus 91267, Auckland Park, 2006.

[*Opmerking:* Hierdie aansoek word as dringend behandel en kommentaar daarop moet die Raad binne vier weke na die datum van hierdie kennisgewing bereik.]

Verlaging van die Reg op:

Raap-, kool- of mosterdolie, indeelbaar by tariefsubpos 1514.10, van 20 persent of 165 c/kg min 80 persent tot 112 c/kg.

[RTH-verw. T5/2/4/2/1 (930300)
(Mnr. A. Zietsman)]

Applikant:

Ciskei Oil & Cake Mills, Posbus 768, Oos-Londen, 5200.

Korting van die Reg (in Bylae 3) op:

Ander buise, pype en slange, van gevulkaniseerde rubber (uitgesonderd harde rubber), met of sonder toebehore daarvoor (byvoorbeeld lasstukke, elmboë flense), met 'n binnedeursnee van hoogstens 76,2 mm indeelbaar by tariefsubpos 4009.40.50 teen 25 persent *ad valorem* of 16,55 c/kg vir die vervaardiging van lugversoringstelsels vir motorvoertuie.

[RTH-verw. T5/2/16/2/1 (930296)
(Me. I. Metz)]

Applikant:

Smiths Manufacturing (SA) (Edms.) Bpk., Posbus 181, Pinetown, 3600.

Lys 29/93 is by Algemene Kennisgewing 875 van 3 September 1993 gepubliseer.

(17 September 1993)

NOTICE 917 OF 1993

The Department of Finance announces hereby that transfer documents for registration in respect of the undermentioned Republic of South Africa Internal Registered Stock must be lodged with the office of this Department at 301 Abattoir House, Hamilton Street, Arcadia, Pretoria, **not later than 30 September 1993** to qualify for the interest payment on **1 November 1993**.

The registration of transfer documents thus handed in will be finalised on 11 October 1993 whereafter the registers will be closed until the date of the interest payment.

Internal Registered Stock, 13 Per Cent 2002 (R113).
(17 September 1993)

NOTICE 918 OF 1993**DEPARTMENT OF FINANCE**

6,5 PER CENT INTERNAL REGISTERED STOCK 1993: CERTIFICATE No. 3663 FOR R16 500 ISSUED IN FAVOUR OF ANIMAL WELFARE SOCIETY

Application having been made to the Department of Finance for a duplicate of the above-mentioned certificate, the original having been lost or mislaid, notice is hereby given that unless the original certificate is produced at the Department of Finance, Private Bag X115, Pretoria, within four weeks from the date of publication of this notice a duplicate as applied for, will be issued.

(17 September 1993)

NOTICE 919 OF 1993**DEPARTMENT OF FINANCE**

16 PER CENT LOAN LEVY 1994: CERTIFICATE No. 12280 FOR R9 000 ISSUED IN FAVOUR OF CAPE FABRIX (PTY) LTD

Application having been made to the Department of Finance for a duplicate of the above-mentioned certificate, the original having been lost or mislaid, notice is hereby given that unless the original certificate is produced at the Department of Finance, Private Bag X115, Pretoria, within four weeks from the date of publication of this notice a duplicate as applied for, will be issued.

(17 September 1993)

NOTICE 920 OF 1993**DEPARTMENT OF MANPOWER**

WAGE ACT, 1957

CORRECTION NOTICE

WAGE BOARD INVESTIGATION, WAGE DETERMINATION 455: COMMERCIAL DISTRIBUTIVE TRADE, CERTAIN AREAS

The following corrections to Government Notice No. 1533 of 20 August 1993 are published for general information:

1. In the *English* text:

- (a) Substitute the expression "(kk) **Richards Bay**: Manpower Centre, 17 Geleiergang, at 11:30 on 15 November 1993" for the expression "(kk) **Empangeni**: Manpower Centre, 17 Geleiergang, at 11:30 on 15 November 1993."; and

KENNISGEWING 917 VAN 1993

Die Departement van Finansies maak hiermee bekend dat oordragdokumente vir registrasie ten opsigte van die ondergemelde Republiek van Suid-Afrika Binnelandse Geregistreerde Effekte **nie later nie as 30 September 1993** by die Departement se kantoor te Abattoirhuis 301, Hamiltonstraat 50, Arcadia, Pretoria, ingelewer moet word ten einde vir die rentebetaling op **1 November 1993** te kwalifiseer.

Die registrasie van oordragdokumente aldus ingehandig sal op 11 Oktober 1993 gefinaliseer word waarna die registers tot die dag van rentebetaling gesluit sal wees.

Binnelandse Geregistreerde Effekte, 13 Persent 2002 (R113).
(17 September 1993)

KENNISGEWING 918 VAN 1993**DEPARTEMENT VAN FINANSIES**

6,5 PERSENT BINNELANDSE GEREGISTREERDE EFFEKTE 1993: SERTIFIKAAT No. 3663 VIR R16 500 UITGEREIK TEN GUNSTE VAN "ANIMAL WELFARE SOCIETY"

Aangesien daar by die Departement van Finansies aansoek gedoen is om 'n duplikaat van bovermelde sertifikaat wat verloor of verlê is, word hierby bekendgemaak dat tensy die oorspronklike sertifikaat binne vier weke na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by die Departement van Finansies, Privaatsak X115, Pretoria, ingelewer word, die verlangde duplikaat uitgereik sal word.

(17 September 1993)

KENNISGEWING 919 VAN 1993**DEPARTEMENT VAN FINANSIES**

16 PERSENT LENINGSHEFFING 1994: SERTIFIKAAT No. 12280 VIR R9 000 UITGEREIK TEN GUNSTE VAN "CAPE FABRIX (PTY) LTD"

Aangesien daar by die Departement van Finansies aansoek gedoen is om 'n duplikaat van bovermelde sertifikaat wat verloor of verlê is, word hierby bekendgemaak dat tensy die oorspronklike sertifikaat binne vier weke na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by die Departement van Finansies, Privaatsak X115, Pretoria, ingelewer word, die verlangde duplikaat uitgereik sal word.

(17 September 1993)

KENNISGEWING 920 VAN 1993**DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG**

LOONWET, 1957

VERBETERINGSKENNISGEWING

LOONRAADONDERSOEK, LOONVASSTELLING 455: KOMMERSIËLE DISTRIBUSIEBEDRYF, SEKERE GEBIEDE

